

**PUKKE!**  
vir al u kleurbaadjies  
**Johan Claassen**  
**Broers**  
(EDMS.) BPK.  
Tel. 3612  
POTCHEFSTROOM  
Tak: Tomstraat 90c

# die WAPAD

Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

In U lig sien ons die lig.



**Kerkstraat 48**  
DIE MEES GEËERDE  
NAAM IN  
FIETSRY

JAARGANG XXIV

VRYDAG 23 MEI 1969

NR. 8

## P.U. in staat om te vorm Oud-student waardeer Alma Mater

OP DIE ONLANGS gehou wysgerige simposium het dr. J. A. Heyns, verbonde aan die teologiese fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch, in sy referaat oor die universiteit en lewensvorming, op treffende wyse gewys op die verskille tussen die Christelike universiteit en lewensbeskouing en die sekularistiese universiteit en sekularistiese lewensbeskouing.

Die sekularistiese universiteit en lewensbeskouing beskou hy as liberalisties, positivisties, funksionalisties, professionalisties en specialisties. Dit is humanisties met 'n moment van antroposentriese reduksie. Hier word die oorsprong, doel en sin van die lewe nie duidelik nie. Opvoeding in hierdie gees is geen vorming vir die lewe en gemeenskap nie, en ook nie vorming van lewe as sodanig nie.

Hierteenoor staan die Christelike universiteit en lewensbeskouing wat sy normering in Gods wet vind. Hier het dr. Heyns die taak van die universiteit tot lewensvorming, veral belig vanuit die negende gebod, gestel en genoem dat as dit nie binne die ruimte geskied nie, dit lewensvernietigend is.

### Dienende heerskappy

„Die universiteit wat sy volle bydrae tot lewensvorming wil lewer, sal moet besef dat lewensvorming gelyk is aan die korrekte hantering van kennis; wie kennis korrek hanteer is 'n mens wat heers, wie heers vervul die opdrag van die Skepper“, het hy gevolg. Net binne die Christelike lewens- en wêreldbeskouing kan die norme aangegee word vir die juiste hantering van kennis. Dit beskou hy as dienende heerskappy: die mens wat sy naaste en God dien.

ook verskeie ander belanghebbendes vanoor die hele land.

Bekende sprekers soos dr. Piet Meyer, proff. H. G. Stoker, J. A. L. Taljaard en andere het referate gelewer. Die simposium is gereël deur die departemente Inter-fakultêre Wysbegeerte en Wysbegeerte as deel van die eeufeesviering van die Universiteit.

### Dramastudente ry rond

DIE dramastudente van die Puk bring hierdie naweek 'n besoek aan Johannesburg. Hulle sal 'n uitvoering deur die Choral Society van die Universiteit van die Witwatersrand bywoon.

Die program vir Saterdag sluit ook 'n besoek aan die S.A.U.K. en 'n kunsgalery in. Dit is die vierde keer vanjaar dat hulle vir opvoerings na Johannesburg gaan. Die dramas King Lear en Hadrian is onder andere deur hulle bygewoon.

### Wysgerige grappie

'n Grappie word hier gedeel deur (van links) proff. J. Gerber (Rhodes), B. Duvenage (P.U. vir C.H.O.), mnr. Morkel van Tonder van die S.A.U.K., mnr. L. J. Suzman (Wits) en prof. J. R. Pauw (R.A.U.). Die foto is geneem tydens die gespreksforum, wat deel uitmaak het van die wysgerige simposium.



## LIBERALIA - „FIT FOR A GENTLEMAN“

SNAAKS HOE mense 'n stigma aan 'n woord kan laat kleef, hoe woordbetekenis verdraai kan word om die betrokke persone te pas. In dit wat goed bedoel word, word daadwerklik vir ontoelaatbaarheid gesoek — 'n regte stok om die hond mee te slaan! Die meeste koshuise kan karakter opbou op 'n stabiele en lewende basis, maar andere word weer gekortwiek deur name wat vir die huidige inwoners geen sin inhou nie.

Skep eenheid en bou 'n karakter op onder 'n sekere naam, dan word dit dadelik deur beherende persone en die „geleerde“, onontbeerlike buitestaander, na willekeur geïnterpreteer en die vraag om die naam bord amptelik daar te stel, val deur die mat. As die „skuilnaam“ Liberalia dan onaanvaarbaar is, hoekom is dit nie reeds vroeg in die kiem gesmoor nie?

Maar wát bedoel die inwoners met Liberalia? In 'n gemotiveerde brief aan die Raad en die Senaat sit hulle dit soos volg uiteen: Liberalia is afgelei van die Engels „liberal“ — die betekenis hiervan in dié oorspronklike sin is „fit for a gentleman“. Dié betekenis het in 'n groot mate uitgesterf maar bestaan nog in die uitdrukkings „liberal education“ en „liberal culture“ — dit is gemik op 'n algemene ontwikkeling van die verstand, nie in professionele of tegniese sin nie. Om hierdie redes is die naamafleiding gemaak en daarom kan ontken word dat dit afgelei is van „liberaal“, wat vrysinnig beteken, maar selfs dit kon nie vrugte afwerp nie.

Die „liberal“ in Liberalia mag nie in sy huidige of melioratiewe betekenis gesien word nie — dit was geen oorweging by die naamgewende inwoners van die koshuis om enigsins 'n vrydenkende en vrysinnigheid te propageer en te verkondig in dié naam nie.

★ Vervolg op p. 3

# WAG EN SUKKEL . . . WIE MOET WIKKEL?

## Waar is die boeke, dat ons so moet soeke?

ALGEMENE ONTEVREDENHEID heers onder studente oor die diens wat deur boekwinkels in Potchefstroom gelewer word, en verskeie persone kry nou hulle boeke van ander oorde. In die ontevredenheid word hulle deur 'n groot getal dosente gerugsteun. Afgesien van die gewone klagtes aan die begin van die jaar dat boeke nie beskikbaar is nie, uitverkoop is, uit druk is, nog in aantog is, die laaste een so pas verkoop is, dokwerkers gestaak het, en al die verskillende variasies op die tema, is daar blykbaar 'n chroniese tekort aan noodsaaklike skryfbehoeftes soos foliopapier, tikpapier, plakkate, lêers, balpuntpenne en koeverte.

Dikwels kom dit voor dat studente tot drie weke moet wag vir 'n boek wat bestel is en wat wel in voorraad is. Almal is terdeë bewus van die toeloop aan die begin van die akademiese jaar, en dat die boekwinkels sekerlik nie 'n maklike taak het nie, maar hoekom dan nie voldoende personeel kry terwyl 'n mens bewus is van eindelose bestellings nie?

Soms gebeur dit dat daar drie tot vier weke verstryk ná 'n bestelling en die boek(e) nog nie opgedaag het nie. Dan neem die studente aan dat die boek nie beskikbaar is nie. Nadat die boeke dan op 'n ander manier bekom is, daag die boeke tog na weke op as al vergoet is van so 'n bestelling.

Dan is dit 'n oneindigende proses van kansellasië, kredietnotas en verduidelikings om dit weer reg te stel.

### Vertraging

Die dosente se klagtes sentreer alles om die kwessie dat hulle nie

na wense met hulle klasse kan voortgaan nie omdat essensiële boeke nie vir die studente verkrygbaar is voor maande se vertraging nie. Andersins het enkele studente die boeke, terwyl dit vir die ander nie beskikbaar is nie.

Nog 'n baie algemene klagte is dat daar dikwels aan die een student gesê word dat 'n bepaalde boek nie beskikbaar is nie, maar net daarna kry 'n ander student dit wel op die rak. Dit skep groot verwarring en ook ontevredenheid onder die betrokkenes.

Baie van die studente wat om hul mening genader is, vra hulself af of baie van die probleme nie basies teruggevoer kan word na die

ideaal dat elke boek wat op die rak staan, en elke item wat in die boekwinkels is, verkoop móét word, en dat daar geen moontlike oorskot op die rakke mag wees nie. Is die betrokke boekwinkels nie dalk té ingestel op die beginsel dat alles wat by die deur inkom, verkoop móét word nie, al is dit dan ten koste van die gerief van die kliente? Is dit nodig dat daar eerder te min handboeke bestel word, en mettertyd maar weer bekom moet word soos dit nodig blyk te wees, as wat genoeg bestel word, en daar 'n oorskot van enkele is? Elke boekwinkel het mos maar altyd die paar boeke wat nie verkoop word nie, sê die studente.


### Daar he'jy dit



Ten slotte het dr. Heyns, wat self 'n oud-student van die Universiteit is, gesê dat „die universiteit wat sy akademiese arbeid in dié gees en met dié insigte verrig, 'n universiteit is wat in staat is om mense te kan vorm — so 'n universiteit is die P.U. vir C.H.O.“

### Bywoning

Die simposium is bygewoon deur studente van verskeie Afrikaanse sowel as Engelse universiteite, as-



**BULT-APOTEEK**  
ONS SPESIALISEER IN

- ★ POTTEBAKKERY
- ★ GESKENKE
- ★ JUWELE
- ★ KOPERWARE

AFLEWERING ORAL OP  
DIE KAMPUS  
Tomstraat 88b & c  
Foon 5943, 3377

## ANTARKTIKA:

## Dawie Smit vertel ten slotte

## Ontspanning:

„Daar word dikwels brug en skaak gespeel asook 'n groot verskeidenheid binneshuise spele. Bioskoopprente word elke Saterdagand vertoon en die ekspedisie beskik oor 'n uitstekende boekery wat boeke oor van alles en nog wat het. Die grootste probleem met ontspanning word tydens die winter ondervind wanneer buitewerk beperk is.

## Huskies:

Sanae-basis beskik oor twee hondspanne waarvan een span uitstekend vergelyk met die beste in die

wêreld. Elf honde word voor 'n slee ingespan en elkeen is veronderstel om sy eie gewig te kan trek. Die leierhond trek onafhanklik vooraan die span en lei sy span volgens bevel van sy baas. Die huskies word algemeen beskou as die mees mensliwende diere op aarde, maar in dieselfde mate ook as die mees gevaarlike vegter in die honderyk. Hulle beskik oor ongelooflike sterk kake wat in die winter dikwels kliphard gevriesde walvisvleis met smaak kan verslind. Die huskies word gebore om te trek, en beoefen hierdie „lewens-taak“ met die grootste toewyding

en liefde. 'n Huskie sal aanhou trek totdat hy van uitputting sterf indien hy nie voor die tyd gestop word nie. Die Antarktiese huskie is baie groter en sterker as die Groenland huskie. Laasgenoemde is ook nie halfpad so aggressief soos die Antarktiese huskie nie. Hulle durf nooit bymekaar gebring word nie of daar ontstaan 'n verwoede geveg wat tot die dood van die swakkere lei.

Sanae-basis is geleë op 'n dik ysbank (340 meter dik) wat in die water dryf. Derhalwe vind voortdurende beweging van die ysbank plaas, afhangende van die gety-golf. Die monotoniese omgewing van ys sover as die oog sien word tydens 'n mooi sonsondergang omskep in 'n sprokiesland van onbeskryflike kleurskakerings. Gepaardgaande hiermee is die absolute stilte van Antarktika 'n belewenis wat een oorsaak is dat baie Sanae-lede van heimwee altyd weer na hierdie sonderlinge kontinent terugkeer.”

(slot)

## Oud-dosent lei metrisering

DR. S. J. DU TOIT, assistent-direkteur-generaal van die Raad op Atoomkrag, en oud-student en dosent van die Universiteit, is aangestel as bestuurder van die Metriseringsdepartement van die Buro van Standaard. Dié departement reël dat Suid-Afrika se oorskakeling na die metrieke stelsel behoorlik beplan en gekoördineer word.

Dr. Du Toit, ere-professor aan die Universiteit, was verbonde aan die PUK as lektor van 1943 tot 1947. In 1948 het hy 'n eredoktorsgraad in fisika aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf.

As hoof van die afdeling kernfisika van die Nasionale Fisiese Laboratorium, was hy vroeër verantwoordelik vir die ontwerp en konstruksie van die W.N.N.R. se siklotron. Dr. Du Toit het die na-

vorsingsprogram van die Raad op Atoomkrag help beplan en daarvoor uitgebreide studiereise na die buiteland onderneem. Sedert 1959 is hy verbonde aan die Raad op Atoomkrag.



JA, hierdie koue sal 'n mens willekeurige na 'n verwarmers, hetsy natuurlik of elektries laat gryp. Daar is egter persone wat die moontlikheid voorsien het en sodoende het hulle die eerste keuse gedoen.

Peet Venter wou 'n „klub vir oujongkêrels“ stig en toe het Mona du Preez aangebied om sy lugkastele te kom verf — o wee, toe stort dit in duie!

Ek weet ook nie of die koue dalkies die deurslag gegee het nie — maar dit kon die oorsaak wees dat Marie Gibson en Fanus na die laaste strooi gegryp het — 'n verloofing!

Wie sou nou sê dat dramastudente nie die liefde ken nie? Van al die praktiese klasse in die aand het 'n tere romanse tussen Tippy Kriel en Piet Fourie ontstaan.

Ja wanneer die liefde „treffen“ is die dwarslat iets van die verlede; dit is dan net sprekende oë wat tel in die geval van Anton Grove en Gerda du Plessis. Dan is daar ook nog ou Joe wat onophoudelik by oom Dana se dogter in Swart Nellie kuier.

Bittereinders... is Elza Lindes en Sarel Roets — wie sou dit nou ooit kon dink? Vir sommige kan die liefde ook 'n vondeling wees;

Lynette Coetzee en haar Fanie van Hombré kan hiervan getuig.

Wilma Fick reken dat sy by die tyd heeltemal fiks genoeg is om haar man...? te staan teen Theuns van der Walt en dit wil veral vir my voorkom asof arme Theuns gaan sneuwel.

Suona Kruger sê met trots en 'n vonkeling in haar oë dat háár Gert Botha die Jo' van Johannesburg is.

Al is die berg van Thaba Jah so steil en hoog het Evert Neethling sy knieë deurgekruip om bo te kom, het sy Lorelei, Lettie Theron steeds vir hom bly wink. 'n Lonkerende, flonkerende mamselle in die persoon van Mart-Sophie het Isak se kop bo water gehou totdat hy die helling uit was.

Pieter Theron het Karlien lief met al sewe sy verdiepings want êrens in een van die gange bly sy Maxie Groenewald.

Na 'n skeiding van etlike maande, kuier Jan de Kock knaend weer in Esselenstraat by Hester Kruger. Tom Bisschop bank toe klasse om Romeo en Juliet te gaan kyk maar groter was sy vreugde toe hy sy Klawerhof-Juliet gedurende die vlotbouery ontmoet het.

Mense en daar is sowaar twee duifies wat uitgevind het dat hulle werklik vir mekaar en nêr vir mekaar bedoel is... Hennie Coetzee en Louise Adendorf.

Dan is daar ouens wat 'n gróóts oes verwag — ek sê nie wat nie, want dit is vertroulik, nie eers die minister van Finansies moet daarvan weet nie... die eienaars kan ek wel bekend maak. Dit kan niemand anders wees as Tiaan Coetzee en Betsie van Graan.

Ai, en dan het ons 'n Andy-maar nie 'n Andy Capp nie — wat knaend by sy Florrie (Ditsie van Lutterfeld) pronk.

Ek het in die verlede gevra vir vrywilligers om aan te sluit by ons beroemde en berugte sleepersklub en nou bestaan daar werklik 'n vakante pos wat smeek om gevul te word — dit is die blou-en-wit Kadett se eenaar wat die tennisbal so hard kan moker.

Mense dan sit ek met 'n gróóts probleem maar ek dink die persoon wat my verlede week genader het se probleem is veel groter — sien hy vrek vir 'n vry, maar vrek voor hy vra! Wat nou gedaan?

Groetnis.

## Met seereis vereer



Op die foto is van links mnr. Johan Kruger, wat saam met mnr. Johan van Rensburg met die seereis vereer is, prof. H. C. van Rooy, mnr. Van Rensburg en mnr. Andries Cornelius, wat die skeepsredery verteenwoordig en wat die bootkaartjies oorhandig het.

TWEE PUKKE, mnr. Johan van Rensburg en Johan Kruger, het verlede week gratis seereiskaartjies van die bekende skeepsredery, Castle Marine, ontvang vir hulle aandeel in die uitdra van die Pukse naam.

Mnr. Van Rensburg is sedert sy matriekjaar verbonde aan die Alabama-studentegeselskap. saam met vanjaar het hy reeds ses toere saam met die geselskap agter die rug. Dit was met mnr. Van Rensburg se inisiatief en vernuf dat Alabama in 1967 begin het met die Revue-programme. Hy was musiekregisseur van Revue '67, Revue '68 en nou ook vanjaar se Revue '69.

Mnr. Johan Kruger het reeds op skool as sportman uitgeblink. Hy was twee jaar lank lid van die Oos-Transvaalse Craven-weekspan en het as nael- en hekkie-loper ook goeie prestasies op interbondbyeenkomste gelewer. Hy is primarius van die koshuis Over de Voor en dagbestuurslid van die Studenteraad. Vanjaar is hy ook voorsitter van die politiek-nasionale bestuur.

Johan van Rensburg is finale

jaar B.Mus.-student en Johan Kruger eerstejaar LL.B.-student.

## Griekse se bydrae

PROF. B. C. STRYDOM, hoogleraar in die wiskunde en toegepaste wiskunde aan die Universiteit, het onlangs by die tweede van die reeks Dirk van Rooy-lesings gesê dat die meetkunde, filosofie, logika en kuns van die ou Grieke, almal 'n uitdrukking van dieselfde kosmos was. Hy het 'n waardering van die bydrae van die ou Grieke tot die wiskunde gegee.

Behalwe die statiese eienskap, het prof. Strydom ook gewys op die soeke na universaliteit in die Griekse meetkunde, kuns en filosofie. Die rol van die noodlot in die Griekse dramas is in ooreenstemming met die gedwongenheid waarmee die gevolgtrekkings in hulle wiskunde gemaak is, het hy gesê.

## WAPADLANGS

DEUR SWEEPSLAG

## DIE AMERIKAANSE REPUBLIEK

## - 'n Toekomsblik

SUID-AFRIKA, land van voorspoed en vrede, industrie en stad, rykdom en gerief, goud, diamante en sonskyn — en land van morele ontwapening.

Oor 'n aantal jare sal 'n mens plekke soos Pretoria, Johannesburg, Kaapstad en Durban nie meer 'stad' kan noem nie, want die beplanners van stede het klaarblyklik en onafwendbaar die begrip „metropolis“ in gedagte. Geskiedenis en ervaring leer dat 'n groot konsentrasie van glas, staal, sement, geld en homo sapiens telkens 'n New York-agtige gees van nonchalante misdaad, sedeloosheid, materialisme, onpersoonlikheid, meganisasie en eensaamheid-in-die-massa vaardig maak. Metropolise is onvermydelik. Vraag is net of ons in Suid-Afrika sal kan en wil vermy dat ons dieselfde kultuurpad as die Amerikaners volg na universele individualisme en die geld-is-die-laaste-goed-lewensbeskouing, en sal die Afrikaner en sy kultuur dit alles oorleef?

Net soos die V.S.A. het ons ont-saglike natuurlike hulpbronne, die potensiaal vir omvangryke mense-materiaal (onderbevolking word gerieflik oorbevolking) en dieselfde algemeen-menslike dors na wellus

wat na ontnugterde massa-terneergedruktheid lei.

Is ons nie vandag al vinnig op pad na 'n V.S.A.-agtige R.S.A. nie? Het ons onself nie al oorgegee aan 'n wellustige ekonomiese spiraal wat ons geveins-onmagtig na rykdom en geestesvervlakking laat tol nie? Hoe onpersoonlik en misdadig het Johannesburg en Kaapstad nie al geword nie! Hoe onenig is ons Afrikaners nie al oor politiek, kuns, godsdiens en lewensbeskouing nie, maar gewilliglik één waar ekonomiese mag en voordeel te vinde is.

Wie is vandag ons grootste volksheld — Paul Kruger of Clint Eastwood? (Ek hoor 'n gejuig opgaan by die noem van laasgenoemde se naam.)

Kan en wil ons dit verhoed en weer na beginselenheid soek. Kan, kan ons maklik, maar nie sonder om te wil nie. So 'n wil beteken dat ons nie moet maak asof „Afrikaner“ en „Calvinisme“ na muf ruik nie en moet besef dat daar 'n on-amerikaanse en gelukkige Afrikaner wat weens sy Afrikanerskap en Calvinisme 'n voorsprong bo alle ander amerikaanses het, in ons Amerikaanse en metropolitaanse eeu kan bestaan.

## Vir al u

- ★ APTEKERS- en
- ★ FOTOGRAFIESE
- ★ BENODIGHEDE

## Besoek:

APTEKERS  
J. P. VAN DER  
WALT

(EDMS.) BPK.

Kerkstraat 118

POTCHEFSTROOM

Telefoon 3237

## Cachet Modes


(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 — Telefoon 5032 — Potchefstroom

ONS HOU ALLES AAN WAT DAMES  
BENODIG

- ★ Nuwe voorrade van rokke en  
nogwat word gedurig uitgestal

Wat gaan hulle nou weer uitbroei!



DEUR MY LENS

DEUR REFLEKTOR

MY naam bly dieselfde, maar my gestalte het verander — soos dit maar deur die loop van tyd met Reflektor gaan.

Laat ek dan begin deur 'n brief te skryf. (Mense dink dit is ver naam om ope briewe in koerante te skryf, daarom doen ek dit.) Ek rig hierdie brief aan die mooiste meisie op die kampus.

Liewe mej. X., Ek het lankal gewonder hoe ek jou sou kon ver goed vir die estetiese bekoring wat jy oor my uitoeft. Sou ek jou be loon met die betowering van een blou aand tussen rose en lelies èrens by 'n ou, verlate huis? Sou ek jou in my kamer 'n yswit Ruggeri-beeldjie van 'n naakte godin kon wys? Of sou ek jou in een van hierdie goddelike aande wat ons beleef vir 'n wandeling oor droë winterblare neem na die naaste kafee — waar ons koel drank in bot teltjies deur rietjies kan opsuig?

Nee, nee, nee. Laat jou liewe klein gestalte in 'n bruin jassie, mej. X., vir my 'n droom bly. Drome vervaag sonder skade of skande. Dit is dan my beloning vir jou: 'n droom wat ek bewaar.

Dit is ook waarom ek nie jou naam noem nie, liewe mej. X. Name spoel weg deur die tyd. Net gesigte bly. En mag ek my dan ook veroor loof om jou 'n vaderlike woord toe te voeg?

Jy is dikwels alleen; jy lyk een saam, en waarskynlik is jy dit ook. Maar bewaar jouself van dié een saamheid wat skade en pyn bring.

Bly soos jy is, liewe mej. X., en lag en speel en huil somtyds. Bewaar jou jonkheid — die jonkheid wat jy in jou omdra, moet soos 'n jong meisiesdroom wees — totdat dit vervaag. Want alles is voorlopig en alles vervaag. Maar vervaging is minder pynlik as 'n stuk-vir-stuk verbrokkeling tot die niet.

En, liewe mej. X., moenie dat 'n man jou in die openbaar soen nie — al is dit in die aand en al is dit voor jou koshuis se voordeur. Want dit is jou net so effens onwaardig. Buitendien beroof dit jou in 'n sekere mate van die vermoë om 'n estetiese bekoring oor my uit te oefen.

A. VORSTER APTEEK

Octron-gebou Lombardstraat

VIR VINNIGE AFLEWERING

SKAKEL 7074

Liberalia ...

\* Vervolg van p. 1

Die argumente wat téén die naam ingebring kan word, kan net sowel ten gunste daarvan gebruik word. „Liberaal” in die negatiewe sin kan ook in die positiewe sin soos in die gemotiveerde brief gesien word. Die uiteensetting van die geskiedenis van die koshuis, sedert dit die gewraakte naam ont vang het, pleit ook vir hierdie stel ling! Daar is tans nog drie inwo ners van 1965 wat hulle sterk kan herinner dat vorige primarij veral sterk voorstanders van die naam was.

„Liberalia”, hetsy negatief of positief, het ook sy manne gele wer, onder andere 'n lektor aan Unisa, 'n doktor in die Regte, 'n M.Sc.-student in dierkunde en 'n dosent aan die P.U.

Liberalia as eenheid het sedert sy ontstaan en onafhanklikheid diep spore op verskeie terreine op die Puk getrap. In 1964 wen die koshuis die fietsresies en die re de naarskompetisie. 'n Groot jaar was beslis 1968 waartydens die vlotkom petisie van die Karnaval gewen is en op skitterende wyse skryf hulle ook die koshuisliga in rugby en die derde liga in Wes-Transvaal agter hulle naam. Ook die atletiek is op hul kerfstok geplaas. Die jaar 1969 is eweneens so groot. Liberalia stap wéér weg met die beste sier wa, bly steeds bobaas in die atle tiek en by dit alles verkoop die manne Gedenkalbuns ter waarde van R614.

DOSENTE PRAAT OOR ONRUS

DIE AFGELOPE studente-onrus aan die Suid-Afrikaanse universiteite was een van die vernaamste onderwerpe op 'n gespreksforum wat deel was van die wysgerige simposium, wat op 8 en 9 Mei aan die Universiteit gehou is. Dit het plaasgevind onder leiding van mnr. Morkel van Tonder, bekende radiopersoonlikheid, en as deelnemers het opgetree proff. J. R. Pauw (R.A.U.), J. Gerber (Rhodes), B. Duvenage (P.U.) en mnr. L. J. Suzman (Wits).

Byna al die deelnemers was dit eens dat die oorsaak van die onrus geleë is in frustrasie teen die Afrikanerskap op politieke gebied, en die feit dat die rassebeleid vol gens die studente nie op 'n demo kratiese wyse toegepas word nie. Mnr. Suzman het gesê dat die Wits-studente aan andere wou toon dat hulle nog skakel met die interna sionale gemeenskap, en dat hulle hulself disassosieer van die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Volgens prof. Gerber moet die feit dat die Engelssprekende studente nie met die Afrikaanse universiteite wil saamwerk nie, teruggevoer word na

ons land se geskiedenis.

Prof. Pauw het gesê dat die studente-onrus getuig van die stre we om alle vorms van gesag omver te werp.

Studente en lede van die publiek het ook geleentheid gehad om vroe te stel en aan die besprekings oor Christelike en neutrale wetenskap deel te neem.

Mnr. Van Tonder het hom op 'n bekwame wyse van sy taak ge kwyt, en hy het telkens die ge hoor aan die lag gehad met sy ge vatte opmerkings, veral aangaan de mnr. Suzman, wat 'n familielid is van 'n bekende vroue-L.V.



Mnr. Danie Strauss, president van die A.S.B. en een van die sprekers tydens die onlangse wysgerige simposium hier in geselskap van prof. B. Duvenage tydens 'n onthaal by die Oude Molen.

Puk-professor munt uit

PROF. D. J. Eloff, hoof van die de partement maatskaplike werk aan die Potchefstroomse Universiteit, is aan die begin van April gekies as voorsitter van die S.A. gesamentlike universiteitskomitee vir Maatskaplike Werk vir 1969/1970.

Die vergadering is op Kimberley gehou en al die Suid-Afrikaanse universiteite was daar verteenwoor dig. Die komitee skenk aandag aan alle fasette van opleiding in maatskaplike werk en sake van gemeen skaplike belang.

Van Voorpos tot Voorspoed met sonniger banksake...

Sedert sy stigting in 1862 het die Standard Bank baanbrekerswerk op die voorposte van ons land gedoen.

Waar goud en diamante ook al ontgin is, het die Standard dit gekoop, versend, verassureer en verkoop; werkende kapitaal aan die snelgroeiende mynboubedryf, boerdery en nywerhede voorsien, en kontant daargestel vir noodsaaklike aankope van verbruikersgoedere. Sodoende het sy bank dienste bygedra om orde, stabiliteit en voorspoed aan die gemeenskap te bring.

Ja, die Standard Bank se wortels het diep vasgegroei in ons lands ekonomie. Hy het ontwikkel tot 'n staatsmaker-bank wat vandag in elke uithoek van ons sonnige Suiderland sy medeburgers help deur sonniger banksake. En die Standard Bank gaan die toekoms tegemoet met vertrou en in nog groter welvaart, geluk en welsyn vir sy land en sy mense.

Op die Standard kan u staatmaak

DIE STANDARD BANK VAN SUID-AFRIKA BEPERK (Gereguleerde Handelsbank) Meer as 800 kantore dwarsdeur die Republiek en S.W.A.



'n Argitektuurvoorstelling van die Standard Bank se reusesentrum van R16 miljoen in Johannesburg.

Grant 214-140/1A

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

★ BOEKE VIR STUDIE EN ONTSPANNING

Nou OOK

'n wye keuse vir

★ PLATE

by

PRO REGE-PERS BEPERK

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL”

Tomstraat — Telefoon 3421 — Potchefstroom.

# Potch Inry

Tel. 5307 of 6345 bedags

VRYPDAG EN SATERDAG  
23 EN 24 MEI  
EERSTE VERTONING  
**SEVEN HILLS OF ROME**  
Mario Lanza — Renato Rascel

TWEDE VERTONING  
**52 MILES TO TERROR**  
Dana Andrews — Jeanne Crain

MAANDAG EN DINSDAG  
26 EN 27 MEI  
**THE BALLAD OF JOSIE**  
Doris Day — Peter Graves

WOENSDAG EN DONDERDAG  
28 EN 29 MEI  
**WOMAN TIMES SEVEN**  
Shirley Maclaine — Peter Sellers — Michael Caine

VRYPDAG EN SATERDAG  
30 EN 31 MEI  
EERSTE VERTONING  
**THE BALLAD OF JOSIE**

TWEDE VERTONING  
**WOMAN TIMES SEVEN**

# Goue Weste Inry

Tel. 6437

VRYPDAG EN SATERDAG  
23 EN 24 MEI  
EERSTE VERTONING  
**CARNIVAL OF THE THIEVES**  
Stephen Boyd — Yvette Mimieu

TWEDE VERTONING  
**THE MAN WHO COULD CHEAT DEATH**  
Anton Diffring — Hazel Court

MAANDAG EN DINSDAG  
26 EN 27 MEI  
**THE ODD COUPLE**  
Lack Lemon — Walter Matthau

WOENSDAG EN DONDERDAG  
28 EN 29 MEI  
**THE BIG GUNDOWN**  
Lee van Cleef — Thomas Milian — Walter Barnes

VRYPDAG EN SATERDAG  
30 EN 31 MEI  
EERSTE VERTONING  
**THE ODD COUPLE**

TWEDE VERTONING  
**THE BIG GUNDOWN**

# 20th Century

MAANDAG EN DINSDAG  
26 EN 27 MEI  
**THE VISCOUNTS**  
Calvin Matthews

WOENSDAG EN DONDERDAG  
28 EN 29 MEI  
**MAROC SEVEN**  
Elsa Martinelli

VRYPDAG EN SATERDAG  
30 EN 31 MEI  
**THE LEGEND OF LALAH CLARE**  
Kim Mavack — Peter Finch



# die WAPAD

VRYPDAG 23 MEI 1969

## 'n Goeie begin

Die kontakkonferensie tussen die Afrikaanse Studentebond en die konserwatiewe verenigings aan Engelstalige universiteite, die afgelope naweek by die Randse Afrikaanse Universiteit, kan in alle opsigte as geslaagd beskou word. Nie alleen vanweë die openhartige en toegeneë gesindheid van Afrikaanse en Engelsprekende kant nie, maar ook vanweë diepgaande en doelgerigte besprekings wat gevoer is onder leiding van die direkteur vir binnelandse studentebeheer, van wie die inisiatief vir dié konferensie uitgegaan het.

Albei kante was dit eens dat daar beslissings raakpunte en 'n gemeenskaplike gevoel oor aktuele sake bestaan en dat die nouer bande wat gesmee is van nou af voortdurend prakties gehandhaaf moet word. 'n Skakelkomitee is in die lewe geroep wat planmatig aan hierdie behoefte moet voorsien.

### Nuwe fase

Dit is duidelik dat die A.S.B. hier 'n nuwe fase betree in die kontak en verhouding met Engelsprekende studente.

Maar dit mag nie 'n beweging word slegs tussen die leiers aan weerskante nie. Die hele Afrikaanse Studentegemeenskap moet by die saak betrek word. Elke Afrikaanse student het hier 'n taak: om die hande van die konserwatiewe Engelsprekende studente te

sterk in hul stryd teen die regime van liberaal-diktatoriale Nusas en studenterade wat hardnekkig weier om aan te pas by die Suid-Afrikaanse lewenspatroon; om die Engelsprekende studente vertrouwd te maak met die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing sonder om óns spesifieke vergestaltung hiervan aan hulle te probeer opdring. Vanuit gemeenskaplike uitgangspunte en voorkeure moet ons nou reeds begin om hegte saam te werk ter wille van die blanke Christelike beskawing in Suid-Afrika en die selfverwensliking van nie-blanke volke in 'n harmoniese verhouding.

### Versigtig

In 'n tyd van misverstande en verbrekings van verhoudinge is dit des te meer noodsaaklik dat ons diplomatie-versigtig ons voelers uitstoot na ander wat nader aan ons lê as wat ons soms dink, sodat ons in 'n lewenskragtige uitwaartse beweging die nie-blanke studente in Suid-Afrika vir ons beginselstandpunt kan wen.

Waar daar 'n goeie begin gemaak is in hierdie verband, laat ons almal doelgerig daarop voortbou.

Dit is net jammer dat waar feitlik alle blanke universiteite vanoor die hele Republiek by die konferensie teenwoordig was, geen Studenteraadslid van die P.U. vir C.H.O. daar was om deel te hê aan hierdie unieke geleentheid nie.

## REDAKSIE

- Hoofredakteur: Jan-At Kruger — tel. 8039
- Sub-redaktrise: Martie Kruger — tel. 8039
- Nuusredakteur: Francois Venter — tel. 2050
- Subredakteur: Dirk Laufs — tel. 4638
- Sosiale redaktrise: Rika van Graan — tel. 4477
- Politieke redakteur: Dawie Swanepoel —
- Sportredakteur: Johan Preller —
- Kunsredaktrise: Joan Crafford — tel. 2071
- Akademie redaktrise: Elsabe Smuts — tel. 2039
- Eufoesredakteur: Retha Coetzee — tel. 2071
- Sirkulasiebestuurder: Gideon van der Nest — tel. 2019
- Fotoredakteur: Wytze van Wyk de Vries — tel. 2019
- Mede-Fotoredakteur: Du Preez Martins —
- Sekretaris-penningmeester: Lourens du Plessis — tel. 2019
- Advertensiebestuurder: Johan Ligthelm — tel. 2172
- Spotprenttekenaar: Lood Dercksen.
- SPORTVERSLAGGEWERS:  
Izak van Rensburg; Hennie Horn; Hennie de Villiers.
- AKADEMIESE VERSLAGGEWERS:  
Erna Arnold; Rika van der Walt.
- KUNSVERSLAGGEWERS:  
Piet Fourie; Louise Heystek; Nicoléne Marals.
- POLITIEKE VERSLAGGEWERS:  
Douw Kruger; Zak Ferreira.
- SOSIALE VERSLAGGEWERS:  
Amalia du Plessis; Magriet de Lange; Hestrie Snyman; Marlina Lemmer; Gert Kruger; Dries Burger; Johan Yssel; Retha le Roux.

## SKOEN- EN FIETSREPARASIES

- ★ EN FLINKE DIENS
- ★ VIR ALLE STUDENTE BENODIGDHEDE

## HUIS EN TUIN

(Langs Volkscas op die Bult)

- ★ ALLE BATTERYE WORD OOK GETOETS

## Uit die Woord

### OOK NA DIE ANDER...

Filippense 2.

As daar dan enige troos in Christus is, as daar enige vertroosting van die liefde, as daar enige gemeenskap van die gees, as daar enige innige tederheid en ontferming is, maak dan my blydschap volkome deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van siel, een van sin. Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar ook elkeen na die ander s'n. Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.

Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.

Daarom, my geliefdes, soos julle altyd gehoorsaam gewees het, nie in my teenwoordigheid alleen nie, maar baie meer nou in my afwesigheid, werk julle eie heil uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.

Doen alles sonder mormurering en teësprak, sodat julle onberispelik en opreg kan wees, kinders van God sonder gebrek te midde van 'n krom en verdraaide geslag onder wie julle skyn soos ligte in die wêreld, deurdat julle die woord van die lewe vashou, my tot 'n roem teen die dag van Christus, dat ek nie verniet geloop of verniet gearbei het nie. Maar al word ek as drankoffer uitgegiet oor die offer en bediening van julle geloof, verbly ek my, ja, verbly ek my saam met julle almal; en om dieselfde rede moet julle ook bly wees en julle saam met my verbly.

## Uit die POSSAK

### Karnaval onselfsugtig?

Geagte redakteur,

As daar midde in die toets- en opgehopte (afgeskepte) na-diekarnaval-werkoorstromings nog 'n gewillige oor is vir 'n nabetrachtingswoordjie oor genoemde feestelikeheid, laat my dan toe om daarvan gebruik te maak en 'n saak te opper wat uit die hart kom.

Die Klaas Waarzegger-prelude daargelaat (maar selfs daarmee saam) was die karnaval 'n sukses en het die Pukke die jollifikasies met kenmerkende entoesiasme deurleef. Die hele week het die dorp aan ons behoort en Saterdagoggend was 'n waardeerende publiek toeskouers van studente-oorspronklikheid. Maar was ons heeltemal onselfsugtig in ons vrolikheid?

Laat my probeer verduidelik aan die hand van 'n voorbeeld uit die skrif. Miskien sê dit meer as 'n groot omhaal van woorde.

Amper 2000 jaar gelede was Jerusalem ook eenkant in feestelikeheid gehul. Die gebeurtenis wat herdenk is, was die Purimfees, die fees van die verlossing deur Esther uit die hand van die Meders en Perse. Die fees, hoewel godsdienstig van aard, is met besondere uitbundigheid gevier. Daar het feitlik 'n karnavalstemming geheers. 'n Hanetree, 'n klipgooi van die feestelikeheid af, was die grimmige keersy: Bethesda. Hier het die ellende geheers. Hier was lammes, kreupels, blindes, dowes — kortom, 'n wêreld van pyn en ellende. Wat het hulle aan die karnavalvrolikheid daarbuite gehad? Ek is seker dat daar juis op daardie dag meer

censames as ooit in Bethesda was. Op een uitsondering na, was daar niemand wat hom oor die lot van dié arme mense ontferm het nie.

'n Hanetree, 'n klipgooi van ons af, is daar ook so 'n wêreld op homself. 'n Bethesda, 'n eiland van afgeslotenheid. Hier heers 'n faset van die menslike lyding wat die woord onmagtig is om te omskryf — en wat die meeste mense liever ook verswyg wil hê. Onkunde, bygeloof, en laat ons maar eerlik wees, ook weersin. weerhou ons van alle persoonlike kontak. Want 'n kwylende mond, holle oë, gebrekklike ledemate, onsamehangende gebrabel (om maar die ergste te noem), dit alles laat ons maar aan die enkelinge oor wat bereid is om elke dag daarteen vas te kyk en dit aan te hoor. Dié enkelinge is die brave verpleërs en verpleegsters, troue versorgers van Witrand se 2600 swaksinniges. Dié vergete minderbedeelde is by ons, teenaan ons — en tog so ver. Hulle is die voortdurende herinnering aan wat ons kon gewees het, dié mede-beeldraers van God.

Sou dit te veel gevra wees as daar in die vervolg ook aan Bethesda gedink word? As die vlotte op Karnaval Saterdag ook dáár hul draai kon gemaak het sou dit in baie mense se lewens 'n onvergetlike hoogtepunt gewees het én liefdadigheid in sy onselfsugtigste vorm.

Want hulle het waarlik niks om aan te bied in ruil nie.

Miskien volgende keer?

Uit die hart.

# NUSAS-VOORBOK VRY NA TURFLOOP

OM VERSTAANBARE REDES is die Regering nie bereid om goedkeuring te gee aan die inlywing van studente van die Universiteitskollege van die Noorde by 'n omstrede blanke studente-organisasie soos Nusas nie, het mnr. M. C. Botha, minister van Bantoe-onderwys op 'n vraag in die Parlement geantwoord.

Die minister het ook aan die lig gebring dat die Senaat van die Universiteitskollege onlangs geweier het om studente toe te laat om 'n verklaring uit te reik waarin hulle hul wou vereenselwig met

die sitstaking aan die Universiteitskollege van Fort Hare en ook simpatie wou betuig met studente wat vanweë hul staking geskors is. Dit is geweier omdat die verteenwoordigende studenteraad reeds vroeër

besluit het om nie 'n verklaring oor die sitstaking uit te reik nie.

Intussen het Nusas-voorbok, mnr. Duncan Innes, na Turfloop vertrek om uit te vind of daardie Universiteitskollege enige mate van outonomie besit en of dit „slegs 'n regeringsdepartement” is. Hy sal ook verlof vra om die studente daar toe te spreek. 'n Soortgelyke versoek is verlede jaar geweier. Mnr. Innes beskou die weiering van die Regering dat die Universiteitskollege met Nusas skakel as: „tipies van ons bekrompe regering!”

## Fyn trap teater toe!

AS Paul besluit het om Ansie na die teater te neem, moet hy vooral vra waar sy wil sit, want nie almal verkies die voorste gestoeltes nie. Die kaartjies moet vooraf gekoop word, want dit is nie 'n kompliment vir 'n meisie om direk voor die vertoning in 'n tou te staan nie.

Paul moet sorg dat hy goeie kaartjies kry.

Nadat die deurwagter hulle kaartjies geskeur het, neem Paul dit en stap voor tot by die plekaanwyser. Hy oorhandig die kaartjies aan hom en daarna stap Ansie voor.

As die plekaanwyser nie op sy pos aan die punt van die paadjie is nie, stap Paul voor tot waar hulle hom teëkom en hy die kaartjies kan oorhandig. Hierna moet Ansie voor stap.

Moet hulle by ander teatergangers verbyskuif, hou hulle hul gesigte na die verhoog en beweeg so na as moontlik aan die leuning van die stoele voor hulle.

As die twee moet buig om by die ander mense verby te kom, moet dit in hulle knieë wees, sodat hulle niemand se gesigte agter hulle in die verleentheid stel nie. Albei sê beleefd „Dit spyt my” en „baie dankie” as iemand moet opstaan sodat hulle kan verbykom.

Op hulle beurt moet hulle weer hulle knieë dwars draai vir ander om verby te kom. Hulle mag net opstaan as dit noodsaaklik is, en

moet dadelik weer gaan sit, veral as die program reeds begin het. Dit is in elk geval swak smaak om laat op te daag, want dit trek die gehoor se aandag af.

Indien Paul wil rook, moet hy dit tussen bedrywe of gedurende pouse buite gaan doen. Dit geld ook vir rokende dames.

Klank trek nie net van die verhoog af na die gehoor toe nie, maar ook andersom, daarom moet geluide in die gehoor beperk word. Onophoudelike hoes, gesels, rinkelende armbande en krakende sjokoladepaartjies is taboe!

## Taalherrie

Hoofletters:

Jan Rap, Jan Salie  
Sy Edele dr. Louw  
piet-my-vrou  
Bosveld  
blou Maandag  
Kersdag  
Middelzee

## Referaat lok gunstige kritiek



MEJ. S. C. J. E. GREEN

MEJ. S. C. J. E. GREEN, lektrise in die departement fisiologie aan die Potchefstroomse Universiteit, was die enigste vrou wat op die tweede wêreldkongres oor ballistokardiografie en kardiovaskulêre dinamika in Porto, Portugal, 'n referaat gelewer het. Daar was sowat sestig afgevaardigdes uit agtien lande op die kongres.

Mej. Green is tans besig met haar doktorsgraad in fisiologie en haar proefskrif handel oor die dinamiese funksies van die konyn se hart. Haar referaat, wat gehandel het oor die ontwikkeling van die ballistokardiogram van die konyn, het gunstige kritiek op die kongres uitgelok.

Volkens mej. Green vergelyk die

standaard van navorsing in Suid-Afrika gunstig met dié van ander lande wat op die kongres verteenwoordig was.

Sy het haar verblyf in Portugal, wat geduur het van 29 Maart tot 23 April, baie geniet. Sy meen die Portugese is baie gasvry en vriendelik.

# 'GEE 'N MAN 'N LUCKY!



VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA EN RHODESIË

## JOUBERT MEUBELS

Kerkstraat 201, Tel. 3420  
POTCHEFSTROOM

Vir  
MODERNE MEUBELS  
en alle  
HUISHOUDELIKE  
TOERUSTING

Ons spesialiseer in die  
verskaffing van  
Jongste Plaat-opnames  
Kom besigtig ons groot reeks

## Hertzogprys: Prof. P. D. van der Walt aan die woord

DIE HERTZOGPRYS vir drama is hierdie jaar aan „Voëlvry” van D. J. Opperman toegeken. Nêrens was daar openlike verbasing oor die toekenning nie. „By die toekenning van so 'n prys sal daar altyd meningsverskil wees, tensy die een werk die ander heeltemal oorskadu, maar ek reken dat vanjaar se toekenning algemene tevredenheid sal uitlok”, het prof. P. D. van der Walt, lid van die keurkomitee, in 'n onderhoud aan Die Wapad gesê.

**Vraag:** Dink u dat die Hertzogprys van sy prestige-waarde ingeboet het weens die twiste in die verlede, die verdagmakery en die politieke kleur wat deur sommige daaraan toegeskryf is?

**Antwoord:** Ek is eerlik oortuig dat die prys nog altyd op meriete toegeken is. Daar is verskil van mening, maar wat verlede jaar se toekenning aanbetref, glo ek dat Boerneef 'n belangrike bydrae gelewer het met sy vier bundels waarvoor die prys toegeken is. Indien daar verdagmakery was, is ek my nie baie bewus daarvan nie, en myns insiens het politiek geen rol daarin gespeel nie. Die polemieke het egter die uitwerking gehad dat die aandag van almal op die prys gefokus is en dat die toekennings beslis baie versigtig en oorwoë gedoen word. Dit is ook waar dat die toekennings wat in die verlede gedoen is, nog nooit deur die tyd geloenstraf is nie. Die waarde van die Hertzogprys neem steeds toe.

Daar is, wat my aanbetref, nie 'n ander prys nodig om die Hertzogprys as hoogste toekenning te vervang nie. Dit is goed dat ander pryse deur uitgewers uitgelooft word, maar die Hertzogprys het deur die jare 'n onaantasbare reputasie opgebou en geen ander prys sal hom na die kroon kan steek nie.

**Vraag:** Is die prysgeld nie onvoldoende nie?

**Antwoord:** Die prysgeld is nie soseer ter sake nie; dit is meer 'n prestigeprys. As persoon voel ek tog dat dit verhoog kan word sodat dit gelyk staan aan bestaande pryse.

**Vraag:** Wat is die werkwys van die komitee?

**Antwoord:** Die Akademierraad wys 'n komitee aan wat vir 'n termyn van drie jaar toekennings doen. 'n Bepaalde persoon word aangestel om die „verkenning-werk” te doen. (In hierdie geval prof. Van der Walt. — Kunsred.).

Hy stel 'n memorandum op waarin hy die werke aandui wat vir bekroning in aanmerking geneem kan word. Hy dui ook die sterkste aanspraakmaker aan, saam met sy motivering. Hierdie verkenningverslag gaan na die Akademiëkantoor en daarvandaan na die lede van die komitee. Hulle kan aanvullings en ook teenvoorstelle aan die hand doen. Na die vergadering van die komitee en die beredenering van voorstelle word hul besluit aan die Akademiëraad voorgelê wat die bekroning doen en aankondig.

Prof. Van der Walt het dit duidelik gestel dat niemand se werk oorgeslaan kan word nie. Skrywers wat reeds die toekenning ontvang het, kan slegs weer in aanmerking kom wanneer daar in stygende lyn in hul werk waarneembaar is. (Dit is op grond hiervan dat Op-

perman die prys ontvang het. — Kunsred.).

Die komitees wat onder andere bestaan uit proff. A. P. Grové, T. T. Cloete, W. E. G. Louw en dr. Elize Botha, ken ook die volgende pryse toe: die Eugene Marais-aanmoedigingsprys, die Scheepersprys vir jeuglektuur en die Akademieprys vir vertaalde werke.

### Murg in haar pype

KLAWERHOF het in die afgelope Karnaval weer goed gewys watter murg daarin „haar” pype steek. Die prys vir die beste stalletjie in die Mardi Gras is verower deur Klawerhof in samewerking met Ons Huis. Verder was 'n deel van Klawerhof behulpsaam met die wenvlot van Liberalia. Die landloop tydens die Karnaval is ook gewen deur dames van Klawerhof, en verder het Lialethe von Wielligh die tweede plek verwerf in die popokompetisie met haar „Adoons.”



„Sjampanjevertoning” is Revue '68 verlede jaar genoem, maar die voorbereiding daarvoor is nie elke aand sjampanje en kaviaar nie, want daar moet hard gewerk word. Op die foto word 'n liedjie vir die soveelste keer gesing totdat dit eksie-perfeksie is.

## SKRYWERS KAMP PROSAÏES

RUSTENBURG se natuurskoon en 'n klompie vurige skrywers wat kans sien om die koue om hul kuns onthalwe te trotseer — dit is wat die onderskeie skrywerskringe van die universiteite van Potchefstroom en Pretoria vir dié na-week beplan.

Daar gaan sommer ernstige sake bespreek word, verseker die voorsitter van Potchefstroom se skrywerskring, mnr. Piet Coertse, ons. „Ons sal in tente uitkamp en die liglange dag mekaar se gedigte

en prosawerk bespreek. Die aande sal in beslag geneem word deur programme wat Pretoria reël.

Die lede is almal baie geesdriftig oor die kampery, want hulle voel al lank die behoefte aan nouer kontak en hier is die geleentheid om kuns te gesels en sommer ook naby aan die natuur te wees. Ons sal in die kloof kamp en dus letterlik die hoër, kouer paaië loop.”

### Inougurele rede

PROF. C. J. H. Kruger, wat vanaf 1 Januarie benoem is as professor in die departement Bantoetale aan die Potchefstroomse Universiteit, het onlangs sy intrede gehou. Sy rede het handel oor aspekte van die struktuur van die woordgroep in Bantoetale. Prof. Kruger het 'n aantal publikasies die lig laat sien en hy was ook behulpsaam met die vertaling van verskillende stukke in Bantoetale.

### Hokkie

VERSKEIE speelsters van die Puk het verlede week aan die Wes-Transvaalse hokkieproewe deelgeneem. Hulle was Johanna Slabbert, Nina Venter, Marianne von Wielligh, Monica Steenkamp en Saartjie Buys. Geeneen van die dames het plekke in die Wes-Transvaalse span gekry nie.

## Perkamentpraatjies

### ONS EIGEN TAAL

AFRIKAANS-NEDERLANDS is die kursus se naam, maar dit kon net sowel Nederlands-Afrikaans gewees het. Dit kon net sowel gewees het: Nederlands bedien met 'n Afrikaanse sousie.

Ek bepleit nie dat ons die venter na Europa moet toemaak nie, maar ek pleit vir ons Afrikaanse letterkunde se regmatige plekkie in die son. Is ons letterkunde werklik so karig dat geen universiteit kans sien om 'n volle driejarige kursus daaraan te wy nie? Nou bly dit so 'n bolangse afskep van die room van beide Afrikaans en Nederlands omdat die tyd net nie daar is vir 'n meer omvattende studie nie.

So is die posisie dan nou dat ander Europese tale soos Duits en Frans, selfs Italiaans — om nie eers van die Bantoetale te praat nie! — 'n volledige driejarige kursus regverdig terwyl Afrikaans op Nederlandse krukke deur ons universiteite sukkel.

Is dit dan weens 'n gebrek aan tyd dat die Afrikaanse prosa ophou om te bestaan op die prille ouderdom van **Een-en-Twintig**? Blykbaar het die poësie pas na die

vyftigerjare 'n statiese toestand bereik, terwyl die dramaturge besluit het twee dramas is genoeg vir Afrikaans.

Toegee: Nederlands is onontbeerlik vir die student wat Afrikaans as hoofvak neem, en Nederlands tot die sewentiende eeu is niks minder as ons regmatige erfenis nie, maar dan moet ons versigtig wees dat die wortels van die magtige boom nie ons eie goed verstik nie.

Die probleem kan maklik en prakties opgelos word deur Nederlands as 'n afsonderlike kursus te erken en dit tot op tweedejaarsvlak verpligtend te maak vir studente wat Afrikaans as hoofvak neem.

Watter universiteit gaan hierin die voortou neem? Dit sal net so 'n heuglike dag in ons geskiedenis wees as die tyd toe Afrikaans vir die eerste keer aan 'n universiteit gedoseer is.

## Ontmoet...

Jan H. van Wyk, briljante studentekenner, vertroueling van die jeug, vindingryke organiseerder en gemiddelde vader van drie, tans dosent in interfaakultêre wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit.

Hy is een van 'n gesin van vyf, gebore in 1925 in die distrik Brits. Sy laerskoolopleiding het hy op 'n plaaskooltjie in dié distrik ontvang en sy hoërskoolopleiding op Rustenburg.

Gedurende die tydperk 1943-45 was hy student aan die P.U. waartydens hy die B.A.-graad behaal. 'n Jaar later skryf hy ook die Transvaalse Onderwysdiploma agter sy naam, 1947 gee hy onderwys aan verskeie hoër- en laerskole in Rustenburg- en Brits-omgewing.

In 1949 vertrek hy na Pretoria waar hy aan verskeie skole diens doen as assistent- en vise-hoof. Tydens sy verblyf in die Jakkeraandstad verwerf hy die grade B.Ed. en M.Ed. 'n nagraadse diploma in Bybelkunde asook 'n honneursgraad in Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.

Vanaf 1960 tot die einde van 1968 was hy senior dosent en departementshoof in die departement Godsdiens en -Onderrig aan die

## Kunswedstryd-uitslae

DIE plaaslike kunswedstryd wat die afgelope tyd gehou is, het weer eens bewys gelewer dat die Puk-studente baie talentvol is.

Sarie Lambrecht, wat die sang beoordeel het, het gesê dat die standaard van die sang van 'n hoë gehalte is. Ons wil net die volgende studente gelukwens met hulle puik uitslae:

Annatjie Dippenaar 3A's en 1 A+; Amanda Joubert 1A; Ria Lemer 1A+; Rina Hugo 2A's; Elise Crause 1A;

Die pianiste het ook nie agterweë gebly nie: Adré van Rensburg 2A's; Philma van Rensburg 1A; Hester Grobler 1A; Jetty de Vries 1A.

Die Puk lewer ook uitstaande komponiste op. Hier dink ons veral aan Johannes van der Merwe met sy Musikale Oomblikke. Die werk is in die vorm van 'n suite. Die styl is impressionisties en herinner baie aan die musiek van Debussy. Hy het self die werk voorgedra en 'n A+ verwerf.



Pretoriase Onderwyserskollege.

Met hierdie indrukwekkende en lang akademiese loopbaan agter sy naam, en D.Ed byna voltooi, is Jan van Wyk aan die begin van 1969 aangestel as dosent in interfaakultêre wysbegeerte, teoretiese opvoedkunde, en metodiek van Godsdiensonderrig en Bybelonderrig aan die P.U.

Kenmerkend van Jan van Wyk die méns, is sy warm belangstelling en waardering vir die jeug van

\* Vervolg op p. 7

U  
HOEF  
NIE,  
MAAR  
U  
KAN

BETER KOOP BY  
UNIEWINKELS

Uniewinkels

VERSKAFFERS  
VAN  
P.U.-KLEURE

## THEOS WEN SASOL

DIE THEOS het Saterdag teen die span van Sasol in hulle vierde wedstryd om die beker gewen met 'n telling van 26—11. Ten spyte van die afwesigheid van drie van die staatmakers, Piet Brand, Andries du Plooy en Hennie Coetzee, het die Pukke nogtans 'n goeie wedstryd gespeel.

Ibert Joubert het weer 'n deel van sy ou vorm herwin en het met behulp van Gerrit Botha op senter daarin geslaag om drie drieë aan te teken. Ferdie Postma en Henk Coetzee het elk ook vir 'n

drie gesorg, terwyl Piet Bruwer met vier verfyfskoppe en een strafskop geslaag het. Uitblinkers in die wedstryd was Gerrit Botha, Ibert Joubert, Dawid van Aswegen en Fires van Vuuren.

## Monstervergadering:

# YL GEHOOR BESPREEK INTERVARSITY

DIE NEUTRALE gees wat al tradisie op die Puk is, het gisteraand vir die eerste keer op die monstervergadering sigbaar geword. Die dungsaaide gehoor het hoofsaaklik bestaan uit 'n handjievool ywerige eerstejaars en 'n nog kleiner handjievool senior-studente. Die bespreking was 'n volmaakte voorbeeld van Ghandi se lydelike, swygsame verzet.

'n Warm applous egter vir mnr. Willie Coetzee en ook enkele ander

studente wat die durf gehad het om hierdie swak gees van die studente duidelik te formuleer. Mnr. Coetzee het o.a. verwys na die groot geesdrif wat daar op ander kampusse vir massavergaderings is. Dit kan, het hy gesê, die hoogtepunt(e) van die jaar wees. Dit is tog immers die geleentheid wat aan studente gegun word om hulle griewe te lug. Dit is ook 'n waardevolle middel vir die Studenteraad om die mening van die massa te toets.

mesprekings met die dirigente te voer oor hul doel en aanbieding.

### Skakings

Daar is besluit dat die skaking van dirigente stereotiep geword het en is aanbeveel dat die skaaktydperk van Maandag twaalf-uur tot Donderdag twaalf-uur moet wees; dat nie meer as agt studente 'n persoon mag skaak nie en indien die skaking suksesvol is, die Studenteraad die onkoste dra.

### Eufees

Ook intervarsity kry met die oog op die eufeesvierings 'n oulap se rooi by: daar sal 'n spesiale openingsplegtigheid wees, 'n driekwartier voor die aanvang van die tweedespan-wedstryd. 'n Kowsie het aangebied om met die fakkel van Burgersdorp af na Potchefstroom te hardloop, waar die fakkel deur 'n Puk-student oorgeneem sal word.

### 'n Gedenkteken

Mnr. Callie Coetzee, S.R.-voorsitter, het by die monstervergadering 'n klein replika van 'n gedenkteken vertoon wat die studente van 1969 se bydrae tot die eufees sal wees. Die gedenkteken sal na beraming R3,000 kos. Hiervoor vra die Studenteraad individuele bydraes van studente.

Met die bespreking van die komende intervarsity, het mnr. Callie Coetzee daarop gewys dat sameprekings al met U.O.V.S. gevoer is. Die besluite sal in Die Wapad gepubliseer word. Daar is veral aandag geskenk aan die tydskur en omvang van intervarsity.

### Aanbevelings

★ Met die oog op inwoning in koshuise met intervarsity, moet identifikasiekaartjies aan studente uitgereik word, sodat daar behoorlike kontrole uitgeoefen kan word.

★ Huisvaders en huiskomitees moet kontrole uitoefen oor die besoekers wat in die koshuise inwoon.

★ Na aanleiding van onaangename tussensake tussen die dirigente verlede jaar, is daar besluit om sa-

## Studente bespreek probleme

IN DIE onlangs gehoue wysgerige simposium aan die P.U. het die betrokke studente in hul referate, wat gesentreer het om die problematiek van Christenstudente-wees, elk een afsonderlik gewys op die dilemma van Christenstudente-wees, en hul hande na mekaar gerek in die gesamentlike besef van die uitdaging wat die hier-en-nou aan die hedendaagse student bied, maar ook in die volle besef van die versoekinge en geleentheid, en ook gewys op die taak wat op elke verantwoordelike student rus.

### Verantwoorde onverantwoordelike

Danie Strauss van die U.O.V.S. het in sy referaat oor die Christenstudent en lewensstyl, op verskillende fasette daarvan gewys. Op treftreffende wyse het hy die sentrale nood van die Christenstudent in die lewe gester as 'n gebrek aan 'n konsekwente reformatories-Christelike lewens- en wereldbeskouing, en beklemtoon dat baie studente nie ten volle op hoogte is en besef wat die eise van 'n radikaal-Christelike lewens- en wereldbeskouing is nie. Vir hom moet elke faset van die Christenstudent se lewensstyl afgestem wees op die voorbereidende verantwoordelike besinning, „wat met verantwoorde onverantwoordelike sal roep.”

### Eensame wese

Willie Coetzee, voormalige S.R.-voorsitter, het in sy referaat die

### Tokkelokke byeen

GEDURENDE die naweek van 31 Mei kry die teologiese studente van die onderskeie Afrikaanse kerke en opleidingsentra weer die geleentheid om samesprekings te voer. 'n Inter-Teologiese konferensie word deur die Teologiese Studentevereniging van die plaaslike Teologiese Skool aangebied. Verskeie belangrike onderwerpe sal inleidend behandel en dan verder bespreek word.

Dit is inderdaad 'n waardevolle byeenkoms omdat dit die enigste geleentheid is waarop Teologiese studente van die verskillende kerke die geleentheid kry om mekaar se standpunte t.o.v. gemeenskaplike probleme te verneem. Ook aan die sosiale sy van die saak word aandag geskenk. 'n Dinee word vir die aanstaande predikante en predikantsvrouens op Vrydagaand 30 Mei aangebied.

student in die huidige krisis gesien as „'n eensame, gefrustreerde wese”. Die probleem kom vir hom daarin dat die mens se horisontale kommunikasie so oppervlakkig is, en dat die mens bykans nie meer verstaan kan kommunikeer nie. Die basiese motivering vir die negatiewe aktiwiteite van die studente, is vir hom daarin gelee dat die student heel wêreld aan die wêreld en wêreld aan sy as volwassene deel wil we, maar „hoe jammer tog dat studente nie kan besef dat jy as volwassene gereken word soora jy jou as sodanig geira, en dat niemans ooit as volwassene gereken sal word solank sy optrede die van 'n kind is nie”.

### Roepingsbewus

Die student se lewens en wereldbeskouing en sy vernouing tot sy universiteit, is vir Callie Coetzee, huidige S.R.-voorsitter die twee faktore wat bepalend is vir studente-wees. In sy referaat wat gehandel het oor die student en sy vernouing tot sy universiteit, het hy dit beklemtoon dat die Christenstudent wat 'n gesindheid van respek, loyaliteit en liefde teenoor sy universiteit handhaat, ook oral waar sy spontane „studente-wees” na vore kom, blyke gee van hierdie gesindheid.

- ◆ Wat hy bepleit, is „dat die Puk-student van die toekoms 'n roepingsbewuste student sal wees, wat in al sy verhoudinge tot die universiteit, met al sy kragte en talente wil antwoord, op die roepstem van God wat tot hom kom en wat deur sy ywer om alles te doen in die Lig van God se Woord, sy invloed steeds wyer laat geld.”

### Nie reaksionêr

Jan-At Kruger, hoofbestuurslid van die A.S.B. het in sy referaat oor die Christenstudent uitwaarts, klem laat val op die verhouding tussen die roeping en taak van die universiteit, en die besondere roeping en taak van die Christenstudent vandag in die „veranderende” wêreld. Uitwaarts beteken vir hom om jou roeping te vervul, maar dan as voorwaarde dat jy innerlik-persoonlik gesterk moet wees in jou verhouding tot God en sy Woord, en ook deur die besef van 'n gemeenskaplike roeping saam met alle Christenstudente. „... dit beteken dat ons as Christene mekaar moet ken en selfverloënd die hande saamvoeg in 'n magtige beweging in Suid-Afrika, en waar nodig, nie in reaksie nie, maar reformatories arbei tot die eer van God.”

rende” wêreld. Uitwaarts beteken vir hom om jou roeping te vervul, maar dan as voorwaarde dat jy innerlik-persoonlik gesterk moet wees in jou verhouding tot God en sy Woord, en ook deur die besef van 'n gemeenskaplike roeping saam met alle Christenstudente. „... dit beteken dat ons as Christene mekaar moet ken en selfverloënd die hande saamvoeg in 'n magtige beweging in Suid-Afrika, en waar nodig, nie in reaksie nie, maar reformatories arbei tot die eer van God.”

## Ontmoet...

★ Vervolg van p. 6

ons tyd. Hy lees, skryf en werk vir die jeug! Gedurende 1964 vergesel hy die Ambassadeurskooor na Europa as toervader. Dié toer het hy op eie houtjie gereël.

Vele kinderboekies het al deur sy pen die lewenslig aanskou en hy, in medewerking met verskeie ander persone, is tans besig met 'n program om handboeke vir kinders in godsdiensoonderrig vanaf graad 1 tot matriek op te stel.

Mnr. Van Wyk stel baie belang in die fotografie van monumente en geskiedkundige plekke in Europa, maar veral in Suid-Afrika. Hy beskik oor die fynere aanvoeling vir die kultuurgeskiedenis en is 'n sterk voorstander van monumente want: die waarde van standbeelde en monumente kan nooit oorskakel word nie. Dit laat die geskiedenis lewe en dit is 'n groot krag in die toekoms — die verlede mag nie dien as rusbank nie maar as wipplank.

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief...”



ook te kry by u kafeteria

## PARADISE RESTAURANT

- Dié kafee op Die Bult ...
- dié kafee waar studente hul koeldrankie drink,
- EN SNOEKER SPEEL!

BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WORD AFGELEWER

Tomstraat 86

Tel. 5474



'N VEILIGE TUISTE VIR U GELD

## NASIONALE BOUVERENIGING

# TOERSPAN GEKIES OP BESTE PRESTASIES

## Portugese puntetabel hiervoor gebruik

DAAR HET GROOT ontevredenheid onder die Pukke geheers oor die gekose P.U.-atletiekspan na die buiteland. Nadat Die Wapad se verslaggewer egter gesels het met persone wat goed bekend is met die atlete en hulle prestasies, het dit geblyk dat die span gekies is met die oog op prestasies teen buitelandse atlete wat 'n besonder hoë standaard het.

Die span is gekies uit ingeskrewe Pukke wat die beste prestasies gelewer het. Dit het voorts geblyk dat die span onder die Portugese puntetabel verkies is en met die oog op prestasies wat reeds gelewer is en nog gelewer kan word.

Die Pukke sal op 2 Julie in Koblenz, Wes-Duitsland, aan hulle eerste byeenkoms deelneem. Daarna volg byeenkomste op 8 Julie in Keulen, 9 Julie in Eschweiler, 12

Julie in München en 19 Julie in Spaarbrücken. Op 20 Julie vertrek die atlete na Brittanje waar die Walliese Spele op 25 en 26 Julie in Cardiff plaasvind. Op 1 en 2 Augustus neem hulle aan die Britse kampioenskappe deel.

Die spanlede is:  
**Wille Coetzee:** Sy insluiting in die span is verseker toe hy in April die besoekende Britse hekkiesloper geklop het. Hy is S.A.-kampioen en -rekordhouer in die hoë hekkies.

**Bea Marais:** Bea was nog 'n vselfsprekende insluiting in die span. Haar beste tyd in die 800-meter, 2 min. 7.8 sek., is nou minder as 'n sekond van die S.A.-rekord af.

**Fanie van Zijl:** Hy het vanjaar afgereken met die Brit wat vyfde plek op die Olimpiese Spele behaal het. Sy beste tyd oor die 1500 meter is 3 min. 43.3 sek., en oor die 800 meter, 1 min. 48.9 sek.

**Willie van der Westhuizen:** Willie se beste tyd oor die 100 meter is 10.3 sek.

**George Müldner:** As kaptein van die P.U.-Atletiekklub het hy 'n groot aandeel in die reëlings van die toer. Sy beste tye oor die 800 meter en 1500 meter is onderskeidelik 1 min. 53.4 sek. en 3 min. 50.5 sek.

**Pypies Laubscher:** Hy het vanjaar vinnig opgang gemaak en het derde geëindig by die S.A. Spele.

**Klasië Brümmer:** Brümmer sal nog twee en 'n half jaar vir die Puk kan deelneem. Sy beste tyd oor die 800 meter is 1 min. 50.3 sek.

Mej. Cecile Malan vergesel die span met die oog op 'n studie van afrigtingsmetode. Sy hou die Wes-Transvaalse rekord vir werpskyf en sal ook deelneem. Mnr. Gert Scholtz is bestuurder van die span.



Johan Malan in aksie

# PUKKE VAAR GOED TEEN TUKS

DIE PUKKE het eergister in hulle wedstryde teen Tukkies met eer uit die stryd getree. Die Tukkies wat die wedstryd slegs as 'n formaliteit beskou het volgens verskillende koe-rante moes veg vir elke punt wat hulle gekry het. Tukkies het gewen met 30-14.

Die Tukkies het teen rustyd besef dat hulle gedugte teenstanders het. Die rustydtelling was 11-8. Die swaar voorspelers van Tuks het die deurslag in die tweede helfte gegee. Die Pukke het in geen stadium van die wedstryd gaan lê nie en ondanks die swaar pak voorspelers pragtig teruggeveg. Punte vir die Pukke is aangeteken deur 'n mooi drie van Piet Brand wat vervyf is deur Piet Bruwer. Piet Bruwer het ook met drie strafkoppe geslaag.

- ◆ Die Navy het die Tukkies op hulle baadjie gespeel en deurgaans die beste van die wedstryd gehad. Hulle het dan ook die wedstryd gewen met 9-8.
- ◆ Punte is aangeteken deur 'n drie van Sias en twee strafkoppe van Bertie Fourie. Die oorwinning is 'n goeie teken dat daar vanjaar diepte in die Pukse rugby is. Die Navy het deurgaans met vuur gespeel en die neersakkende reën kon nie die geesdrif van spelers en toeskouers demp nie.

As die groot aantal spelers in aanmerking geneem word wat vir Noord-Transvaal diens doen, dan was die prestasies van die Theos sowel as die Navy merkwaardig.



Jaap Erasmus op pad om sy drie te gaan druk in die wedstryd teen Pote op 10 Mei, toe die Pukke hulle met 30-8 geklop het. In hierdie wedstryd het die voorspelers sterk gespeel en was die agterlyn baie beweeglik.

## Tafeltennis:

### Standaard hoog

VANJAAR is die standaard van die Tafeltennisklub baie hoër as in die verlede — te danke aan harde oefening en perspektief.

Op die pas afgelope Puk-Opekampioenskappe het P. van der Walt die semi-finaal gehaal in die enkelspel en Petrus Kruger en Piet van der Walt die dubbels-finale.

In die Potchefstroom-Klerksdorpliga deel die tweede span die eerste plek op die punteleer met Telkom A. van Klerksdorp. In die Discovery-Ope het mej. A. van der Walt die finale gehaal in die dames-enkelspel.

## Korfbal

DIE Volgende speelsters van die Pukkorfballspan was uitgenooi na die Wes-Transvaalse uitdunne op Western Reefs se bane op 21 Mei: Janet Kruger, Hanneljie Coetzer, Dalene van Dyk, Anna Smit, Marietjie Uys, Daleen Badenhorst en Annamarië Greeff.

## A.-liga rugby

IN die A-rugbyliga lyk Dorp in hierdie vroeë stadium na moontlike wenners, terwyl Liberalia, Kompleks en Over de Voor ook nog goed geplaas is. Drakenstein lyk na 'n sterk buiteperd.

Soos verlede jaar het die koshuisliga vanjaar reeds weer heelwat spelers opgelewer wat hul plek in die hoër spanne goed volstaan.

Die puntestand van spanne in die twee ligas is soos volg:

A-liga:	S	W	V	G	P
Dorp	3	3	0	0	6
Kompleks	3	2	0	1	5
Liberalia	3	2	0	1	5
Makouevlei	3	1	1	1	3
Over de Voor	3	1	1	1	3
Here XVII	2	1	1	0	2
Drakenstein	1	0	1	0	0
Izak Meyer	2	0	2	0	0
Hombré	3	0	3	0	0
Landboukollege	2	0	2	0	0

	S	W	V	G	P
Over de Voor	3	2	1	0	4
Dorp	3	2	1	0	4
Drakenstein	1	1	0	0	2
Kompleks	2	1	1	0	2
Liberalia	2	1	1	0	2
Makouevlei	3	0	3	0	0

DIE WAPAD word gedruk vir die eienaars en uitgewers, die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O. deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom. Tel. 3245.

## HELOÏSE BURGER BEHAAL DRIEKUNS

NUWELING Heloise Burger, wat gekies is vir die Suid-Afrikaanse tenniskampioenskappe het voorbrand gemaak in die Wes-Transvaalse ope tenniskampioenskappe. Sy het daarin geslaag om die driekuns te behaal deur die damesenkelspel, damesdubbel- sowel as die gemengde dubbeltitels te buit toe sy haar mede P.U.-student, A. van Loggerenberg, in die eindstryd uitgeskakel het.

Drie van die vyf gewonne titels is deur P.U.-studente verower. Die kompetisie was sterk en het twee professionele spelers, sowel ander wat Suid-Afrika reeds in die buiteland verteenwoordig het, ingesluit.

Die Wes-Transvaalse kampioenskappe word nou deur Heloise Burger en Retha Smit as damesdubbelspan en saam met Nico Botha in die gemengde dubbelspel, deur P.U.-studente gedomineer.

Tydens die P.U.-tenniskampioenskappe wat Saterdag 10 Mei beslis is, is ook harde en vernuftige spel gesien. Johan Malan en Heloise Burger is gekies vir Wes-Transvaalse juniorspan. Hulle sal in die interprovinsiale en Suid-Afrikaanse kampioenskappe wat in Julie plaasvind, deelneem.

In die mansenkelspel het J. Malan skitterend gespeel en Christo van der Walt geklop met 6-4, en 6-2. Heloise Burger klop vir Retha Smit in die damesenkelspel met 6-3, en 6-1.

In die mansdubbelspel was dit weer eens 'n kwaai stryd van vernuf en behendigheid. Christo van der Walt en J. Malan wen die titel en klop vir P. de Villiers en N. Botha met 6-4 en 6-3.

In die damesdubbelspel het H. Burger en R. Fourie vir A. van Loggerenberg en R. Smit met 6-4 en 6-3 geklop. Die hoogtepunt van die kampioenskap, die gemengde dubbelspel, het tennis uit die boonste rakke opgelewer. Dit was 'n taai stryd vir C. van der Walt en R. Smit om N. Botha en H. Burger met 6-4, 3-6 en 7-5 geklop te kry.

## Puk klop Pote

DIE Pukke het vlam gevat met netbal. Op 7 Mei het Puk die eerste liga-wedstryd teen Pote gewen. Pote het 12 punte aangeteken teenoor die 19 punte van die Puk. Die tweede span het nie so goed gevaar nie, en moes in die stof byt met 11 punte teenoor Pote se 13.

Op Saterdag 10 Mei het die Pukke op Strathvaal gewys wat daar in hulle steek deur gelykop te speel met 13 punte elk teen die wenners van verlede jaar se liga, Strathvaal. Die Puk se tweede span het hier weer vergoed vir hul vorige neerlaag deur te wen met 14-6.

## PRAAT ONS NET OOR SPORT?

Kom toon u staal in DIE WAPAD

Vergewis uself en sodoende ook u medestudente van die feite

Aansoeke om in die sportredaksie opgeneem te word, kan gerig word aan:

Die hoofredakteur, p/a. Studenteraad

U kan gerus u bande versool by...

## GOLDEN WEST RETREADERS



'N VOLLEDIGE BANEDIENS ONDER EEN DAK

Groot voorraad

★ NUWE en VERSOOLDE bande

Versoling nou ook verkrygbaar in die

★ GOODYEAR G 800 loopvlak

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM

(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)

GOEIE KOS!  
FLINKE DIENS!  
u tevredenheid is ons PLESIER!  
BAILIEPARK  
PADKAFEE

(Langs die Johannesburg-pad geleë).

Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag.

Tel. 6670

